

Sonnerad

NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 38, NR 2
VOL 38, NO 2

September 2021
September 2021

Geagte lede

Ons sien almal baie uit om mekaar weer te sien op die SAVK se jaarlikse kongres wat in Oktober in Clarens plaasvind. As gevolg van Covid was laasjaar se kongres uitgestel en ons is dankbaar dat ons hierdie jaar weer saam kan kom vir 'n baie interessante en opwindende kongres.

Ons is nou in erfenismaand. Kyk gerus in die nuusbrieff watter gebeure hierdie jaar by die Voortrekkermonument plaasvind.

Julle is welkom om deur die jaar vir my relevante berigte vir plasing in die *Sonnerad* te stuur. Dankie aan almal wat tot hierdie maand se interessante nuusbrieff bygedra het.

Groete
Petra Luus
Redakteur
petra@kultuurtuiste.org.za

Dear members

We are looking forward to seeing each other at the annual SACHS conference in October in Clarens. We postponed last year's conference to 2021 due to Covid. We are thankful that we can come together this year for what promises to be an exciting conference.

We are now in heritage month. Take a look at the newsletter what activities the Voortrekker Monument is hosting this year.

You are welcome to send any relevant articles for publication throughout the year. Thank you to everyone who contributed to this month's exciting newsletter.


Regards
Petra Luus
Editor
petra@kultuurtuiste.org.za

NUUS VAN DIE RAAD


- ❖ Die jaarlikse kongres vind van 22 tot 23 Oktober 2021 by die Maluti Mountain Lodge in Clarens plaas. Die tema is 'Herinnering en Nalatenskap'. / The annual conference will take place between 22 and 23 October 2021 at the Maluti Mountain Lodge in Clarens. The theme is 'Memory and Legacy'.
- ❖ Beskikbare uitgawes van die *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* is te koop. Die koste beloop R50 per tydskrif (posgeld uitgesluit). Kontak Petra Luus by petra@kultuurtuiste.org.za. / Available editions of the *Journal of Cultural History* are for sale. The cost is R50 per journal (postage excluded). Contact Petra Luus at petra@kultuurtuiste.org.za.

LIEF EN LEED

- ❖ Dit is met groot hartseer dat die SAVK kennis neem van die afsterwe van Estelle Pretorius se ma, mev Engela Nel (1927-2021). Mev Nel was 'n besondere vrou. Sy het in Arusha in Tanzanië grootgeword. Op die ouderdom van 14 jaar het sy na Suid-Afrika vir skoolopleiding gekom. Sy het haar man, prof P.G. Nel, by 'n Geloftediens ontmoet en hulle is in 1952 getroud. Prof P.G. Nel was een van die stigterslede van die SAVK in die 1984 en Estelle is al vir 'n aantal jare op die Dagbestuur van die SAVK.



- ❖ Ons is ook hartseer om te verneem van die afsterwe van prof Jaap Steyn (1938-2021). Prof Steyn het ook groot spore in die SAVK getrap. Dankie aan Corlietha Swart wat toestemming gegee het om haar huldeblyk van 6 September 2021 in die *Sonnerad* te plaas:



"Vergun my enkele persoonlike herinneringe aan hierdie merkwaardige mens. Nog 'n groot seder in die Afrikaanse taal- en kultuurkringe het geval. Een van die slimste mense wat ek ken, bekroonde digter en skrywer, gerekende biograaf en kultuur-historikus, taalkundige, oudjoernalis en meningsvormer, kortom, kultuurgees by uitstek en boonop 'n oudkollega en baie goeie vriend, is nie meer nie ...

Prof. Jaap Steyn is vanoggend op 83-jarige ouderdom in sy huis by die aftreeoord, Aliquando, oorlede na hy gesondheidsprobleme ondervind het en gister dokter toe was. Sy suster was by hom.

My hart huil oor hierdie groot, (maar uiters beskeie) gees. Wat 'n voorreg was dit nie om hom in my lewe te kon hê nie. Wat 'n gespreksgenoot was hy nie!

Boonop was hy 'n ware heer wat steeds, op gevorderde ouderdom, altyd saamgestap het motor toe om die deur vir jou as vrou te gaan oopmaak. Ek onthou hoe hy eenmaal agter sy oorvol lessenaar by die UV, diep in hogere gedagtes versonke, "Steyn hier!" geroep het toe ek aan sy kantoordeur klop (asof hy 'n telefoon beantwoord). Na sy momentele verwarring, het ons lekker gelag oor sy diep denke wat hom so uit die werklikheid kon meevoer.

Jaarliks, tot verlede jaar nog, het ons Kerskaarte per pos vir mekaar gestuur - en dit het altyd voor Kersfees gearriveer, ongeag sogenaamde posstakings. Hy het selfs eenmaal te voet by die hospitaal na haar operasie by my ma (ook 'n nooi Steyn) wat hy nie juis geken het nie, ingeloer met 'n groot boks Lindt-sjokolade. Prof. Jaap het nie motor bestuur nie. Hy het vroeër jare, voor aftrede, strategies na-aan die kampus en argiewe gebly en gestap waar hy wou wees. Ek was een van die min mense wat hy toegelaat het om hom op te laai êrens heen na aanvanklike teëstribbeling. Die eerste keer het hy so byna 'n gat deur die passasiersitplek se voetpaneel getrap soos hy vasgeskop het - vir ingeval ek 'n woeste bestuurder sou wees. Laterjare was hy heel ontspanne as hy saamry. In "Hoeke boerseuns ons was" lees 'n mens van hom as klein seuntjie wat sy eerste motorkar te siene kry wat met 'n opskiet van klippe op die plaaswerf 'n swierige draai voor die omstanders gooi en hy wat onder sy ma se lang rok skuiling soek teen die meganiese gevaarte. Hy het gereeld laterjare in die besige Wynand Moutonstraat afgestap vir oefening en hy is gereeld met twee sakkies kruideniersware (een van die oudkollegas het daarna verwys as twee-emmertjies-melk), weerskante vir balans gesien.

Wat 'n voorreg om met my verjaarsdae gereeld 'n getekende eksemplaar van so 'n groot gees se nuutste pennevrug te kon ontvang. Sy boeke is beskeie, amper verskonend, as hoogs-gewaardeerde geskenk aangebied. Hy was selfs by kongresse onbewus hoe sy verreikende referate 'n totale kongres se denkrigting kon bepaal (dit was vir hom suiwer hel om voor mense te praat en hy kon maklik 'n hele waterkraffie weens spanning leegdrink tydens sy referate). Dit was 'n ongewone voorreg om as jong akademikus saam met swaargewigte, soos proff. Jaap Steyn en Hennie van Coller, oor G.R. von Wielligh se literêre en taalkundige nalatenskap in Afrikaans referate te lewer by 'n Neerlandistiekongres en later by NALN waar daar ook opnames van gemaak is. Later jare het prof. Jaap slegs perifere sig gehad en was sy vergrootglas sy bondgenoot tydens kongresse en praatjies, maar dit was amper vir my of dit sy spanning ietwat verminder het in die laaste jare en of hy later nie eers meer op sy aantekeninge daarmee gekyk het nie en baie gemakliker uit die hart met gehore omgegaan het. Tydens die literêre stadsbustoer saam met NALN in sy 80ste lewensjaar, het hy onderhoudend aan 'n bus vol kultuurmense die stad se geskiedenis vertel. Vir my was dit altyd 'n groot aanmoediging as prof. Jaap, 'n kultuurgees by uitstek, oor jare heen tred gehou het met my kultuuraktiwiteite en groot waardering en aanmoediging uitgespreek het vir betrokkenheid by die Bloemfonteinse Skrywersvereniging, NALN, die Vrouemonumentkommissie, Provinsiale Geografiese Namekomitee,

Bybelgenootskap, ens. se aktiwiteite. Ek is baie dankbaar dat daar uit akademiese gelede vir hom 'n huldigingsbundel vir sy 80ste verjaarsdag drie jaar gelede gemaak is waarin akademiese en kreatiewe hulde uit vele oorde gebring is en ek ook my hulde in die digformaat, wat hy so goed bemeester het in sy gedigte, naamlik vernufspoësie, kon bring. Al het die oorhandiging van die huldigingsbundel hom baie verleë gelaat en al wou hy nie die aandag op hom gevestig hê nie weens sy kenmerkende beskeie ingetoënthed, vertrou ek hy het tog besef hoe geliefd hy werklik was en hoe belangrik sy akademiese, vakkundige en literêre bydrae in Afrikaans werklik is. Hierdie groot seder se val gaan nog lank deur die literêre en akademiese bos weergalm.”

MUSEUM- EN ERFENISNUUS

AfriForum wyd betrokke by erfenisbewaringsaksies

Alana Bailey



Sedert AfriForum se ontstaan 15 jaar gelede, is dié organisasie ten nouste by erfenisbewaring betrokke. Deur middel van vrywilligers in takke, maar ook nasionaal deur die Kultuursake-afdeling en AfriForum Jeug word bewaringsprojekte geïnisieer of ondersteun. Ten spyte van COVID-19-inperkings, was die afgelope jaar heel bedrywig.

Die **smidswinkel by die President Pretorius Museumkompleks in Potchefstroom** is van besondere historiese betekenis, aangesien dit deel uitmaak van een van die min oorspronklike plaaswerfkomplekse wat uit die pionierstyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) dateer. Dit was moontlik selfs die eerste struktuur op hierdie terrein wat in ongeveer 1840 opgerig is en 'n stiefseun van Piet Retief, Barend Greyling, gehuisves het. Dit is ook belangrik omdat dit aan M.W. Pretorius, die eerste president van die ZAR, behoort het. Die museumpersoneel het die stadsraad herhaaldelik gewaarsku dat die struktuur restourasie dringend benodig, maar daar het niks van gekom nie. Op 29 Oktober 2020 het dit gedeeltelik ineengestort. AfriForum se streekkoördineerder vir Mooirivier, Alta Pretorius, taklede van Potchefstroom en AfriForum Kultuursake het saamgespan om te help verseker dat die terrein beveilig kon word en die dele van die gebou wat nog staan, beskerm word. Hopelik kan 'n restourasieprojek binnekort begin.

Noodsaaklike instandhoudingswerk aan die **Totius Huismuseum** in Potchefstroom is ook finansiële ondersteun. Die huis is herbedraad, buiteligte is vir beveiliging aangebring en ander herstelwerk is gedoen. Besoekers kan gerus gaan kyk hoe een van ons grootste digters geleef het.

Reeds vanaf 2017 skakel AfriForum met die Vriende van **Bethlehem-museum** en dra tot hulle projekte by. Hierdie besige dorpsmuseum se hoofgebou is die Nazareth Sendingkerk, wat in 1905 as tweede sendingkerk van die NG Kerk in die Vrystaat gebou is. Die Vriende fokus nie net op die bewaring van hulle omgewing se kultuurskatte nie, maar ook op die integrasie van die museum

in die plaaslike kultuurlewe. Talle organisasies hou hulle byeenkomste op die terrein en 'n kultuursentrum word beplan om volhoubare inkomste te skep.


In **Heilbron** is die Riemlandmuseum 'n uitnemende voorbeeld van 'n museum wat deur sy gemeenskap bedryf word. Dit word in die dorp se voormalige sinagoge gehuisves. Onlangs het AfriForum bygedra om die area om die gebou te laat plavei sodat waterskade aan die fondament beperk kan word. Ook elders woeker die gemeenskap met hulle ryk erfenis – die Vegkopterrein huisves monumente, 'n museum en historiese grafte. AfriForum dra by tot die onderhoud daarvan en van die dorp se konsentrasiekampbegraafplaas.

Mostert se Meule in Kaapstad wat uit ongeveer 1796 dateer, is op 18 April 2021 ernstig in 'n brand beskadig. AfriForum het finansiëel tot die restorasieprojek bygedra, maar skep ook bewustheid oor die fondsinsamelingsprojekte deur die organisasie se sosiale mediakanale.

Wanneer 'n mens aan monumente ter herdenking aan die Anglo-Boereoorlog dink, is die Paarl nie noodwendig die eerste plek wat in jou gedagte opkom nie. Daar is egter 'n treffende monument ter nagedagtenis aan die **Kaapse Rebelle**. Dit word deur 'n museumtrust bedryf en AfriForum het pas tot die toekomstige behoud daarvan bygedra.

'n Terrein met 'n sterk verband met die Anglo-Boereoorlog, maar ook die Groot Trek en Eerste Vryheidsoorlog, is **Volkstrust** se begraafplaas. Deur 'n plaaslike inwoner, Werner Potgieter, en ander gemeenskapslede se bemoeienis, is 'n groot skoonmaak- en onderhoudsprojek sedert April 2021 daar aan die gang. Petri van der Walt van AfriForum Jeug help met dié groot taak. Soortgelyke werk word ook in Bloemfontein geborg.

Deur AfriForum te ondersteun, lewer lede 'n noodsaaklike bydrae om ons erfenis te bewaar en lewendig te hou. Ons bedank almal hartlik vir hulle betrokkenheid!



Volkstrust-begraafplaas



Skoonmaak by Volksrust-begraafplaas

ERFENISSTIGTING

Ontmoet die Erfenisstigting se nuwe hoof van Erfenisbewaring:



Jaco Cilliers is in Augustus 2021 as die nuwe hoof van Erfenisbewaring by die Erfenisstigting aangestel. Wie is die man wat hierdie onskatbare belangrike werk moet doen? Jaco het in 2006 aan die Hoërskool Dr. Malan gematrikuleer. Hy het 'n BA-graad in geskiedenis en politieke wetenskap in 2017 by die NWU Vaal verwerf. In 2020 het hy 'n honneursgraad in geskiedenis behaal. Tussen 2014 en 2018 het hy onderwys by 'General Smuts High School' gegee. Van 2017 – 2018 was hy studente-instrukteur en lektor by NWU Vaal waar hy geskiedenisklasse aangebied het. Hy het ook as besturende redakteur by ProAgri Media gewerk. Van 2019 tot

op hede is hy deel van die NWU se navorsingspan wat 'n omvattende geskiedenis van die Taung-nedersetting navors. Hy is verantwoordelik vir die navorsing en skryf van 'n hoofstuk wat as deel van 'n boek gepubliseer sal word met prof E.S. van Eeden en prof A. Manson as redakteurs.

Die Erfenisstigting was die afgelope tyd met verskeie projekte besig. 'n Oorspronklike WH Coetzer-skildery, wat deel van die Erfenisstigting se kunsversameling is, word nou deur 'n spesialiskunskonserveerder na sy vorige glorie herstel. Sandra Markgraaf, wat sedert 1990 as kunskonserveerder by die Universiteit van Pretoria en privaat werk, gaan Coetzer se 'Blydevoornag'-skildery wat ook 'Trek oor die Drakensberge' genoem word, herstel. Markgraaf, wat onder meer ook vir 13 jaar kunskurator by die Nasionale Kultuurhistoriese museum was, het 'n meestersgraad in museumwetenskap en 'n diploma in kunskonservering.



Die Erfenisstigting se span het ook ingesprink om die erfenisskatte by die J.G. Strijdomhuismuseum in Modimolle (Nylstroom) te gaan beveilig. Daar is 'n bruikleenoreenkoms met die Limpopo provinsiale departement van sport, kuns en kultuur, asook die Modimolle-Mookgophong-munisipaliteit aangegaan. Die Erfenisstigting het die huis se waardevolle voorwerpe in bewaring geneem nadat dit nie meer veilig was om dit daar uit te stal nie. Die afgelope paar jaar het die museum agteruitgegaan, in so 'n mate dat termiete die dakbalke begin opvreet het. Die grootste deel van die plafon is ook reeds opgevreet. Adv. JG Strijdom was die vyfde eerste minister van die Unie van Suid-Afrika van 1954 tot met sy dood in 1958. Die span het dae lank gewerk om waardevolle geskiedkundige stukke veilig te verpak.

VOORTREKKERMONUMENT



Antiek- en Versamelaarsmark: 24 September

Versamelaars het lank genoeg gewag om hulle unieke versamelings aan te vul. Dit is nou weer tyd om jou antieke inkopies te kom doen by die Voortrekkermonument se Antiek- en Versamelaarsmark. Bring jou vriende en gesin om Erfenisdag by ons [#kultuurtuiste](#) te geniet.
Datum: 24 September
Tyd: 08:00
Plek: Voortrekkermonument
Toegang: R20 per voertuig

Mediaverklaring oor die tuine van die Voortrekkermonument 10 September 2021

Die Voortrekkermonument is 'n kultuurtuiste waarvan die fokus op erfenisbewaring en beskerming gerig is. In dié konteks is die Voortrekkermonument besig met die herstel van die erfenisterrein se tuine om die oorspronklike visie van die Voortrekkermonument gestand te doen.

Daar is 'n tweeledige benadering tot die opknapping en instandhoudingswerk wat hier plaasvind.

Eerstens is daar die bewaring van ons tasbare historiese erfenis, maar ook van die natuurerfenis. Die monument se terrein is 341 hektaar groot en daar is deurlopende instandhouding wat gedoen word om die natuur te bestuur. Daar word gereeld indringerplante en bome, asook valstrikke en slagysters uit die veld verwyder.

Tweedens is daar indieptenavorsing gedoen oor die herstel van die historiese tuine rondom die monument aan die hand van 'n goedgekeurde Erfenisbestuursplan. Advies is ingewin van verskeie erfeniskundiges en tuinboukundiges om balans tussen die historiese en natuurerfenis te verseker.

Navorsing is in die monument se argief gedoen oor wat die oorspronklike visie was van hoe die tuine om die monument moet lyk. Aan die binnekant van die walaer en aan die voorkant van die assegaaihekke is drie groot rotstuine beplan vir 'n omvangryke vetplantversameling. Die klippe hiervoor is in 1936, nog voor die hoeksteenlegging, deur Coert Steynberg uitgesoek en geskenk. In 1949 was die bedoeling dat die blombakke voor die Vrou- en kinderbeeld medisinale plante en kruie uit die Groot Trek moet bevat waarmee die Voortrekkers op die trekpad hulle medisynetrommels gevul het.

Die Onderwyskollege van Pretoria het in die vyftigerjare 'n reliëfkaart van Suid-Afrika saamgestel met 'n voorstelling van die Voortrekkers se vyf grootste trekroetes in die tuin oos van die monument. Paadjies is uitgekap en die trekleiers se roetes is met verskillende soort kleurklippe uitgebeeld. Replikas van Dinganestat, Moordkoppie, Bloukrans, Kerkenberg, Thaba Nchu is aangedui. In die trekroetetuin is die vernaamste berge en riviere ook aangedui. In Maart 1961 het dr. Nicol, voorsitter van die Beheerraad, die grootse onderneming met betrekking tot die verfraaiing van die trekroetes van stapel gestuur. Hy het aan al die burgemeesters van die dorpe waardeur die Voortrekkers getrek het 'n versoek gerig om ongeveer 20 plante uit hulle omgewing aan die monument se superintendent te stuur, sodat dit by die betrokke plekke op die trekpaadjies geplant kon word. 'n Lys van plante, vetplante en struik is saamgestuur. Die reaksie was oorweldigend. Plante is hoofsaaklik met goederetreine gestuur uit plekke soos Rustenburg, Durban, Pietermaritzburg, Uitenhage, Thaba Nchu, Graaff-Reinet en die Strydpoort-omgewing. Aalwyne uit Upington en Grahamstad, broodbome uit Queenstown en vetplante van Letskraal, Andries Pretorius se plaas, is gestuur.

Vroeg in 1967 is aanbeveel dat inheemse bome soos die witstinkhout, basterkaree, witsering, blinkblaar, huilboerboon en vaderlandswilger aan die agterkant van Monumentkoppie en om die Amfiteater geplant moet word, maar nie in die historiese trekroetetuin met die unieke vetplantversameling nie.

Oor dekades is die eens pragtige en historiese trekroetetuin grootliks onversorgd gelaat en het tot niet gegaan. Trekroetes was toegegroeï en was op meer as een plek onbegaanbaar. Elke voorstelling van 'n rivier was deur boomwortels gebreek.

Boomwortels het die klippe van die trekroetes so opgelig, dat die roetes op meer as een plek onderbreek is. Die eens pragtige vetplante wat van regoor Suid-Afrika ingesamel is, het nie meer bestaan nie. Die beddings was kurkdroog en deur onkruid verdring.

In die trekroetetuin het byvoorbeeld tot vyf bome, waarvan verskeie indringerbome is, reg teen die historiese walaermuur inmekaargegroeï. Hulle takke het teen die walaermuur gedruk en

wortels het die struktuur, wat wel deur Erfeniswetgewing beskerm word, sigbaar beskadig. Die tuin was oortrek met indringerbome. Omdat die bome so verdig het, het nie net die struike en plante op die grond skade gely nie, maar talle bome is misvorm. Die meeste van die doringbome was lankal dood met gebreekte takke wat tot op die grond gehang het.

In die walaer is die oorspronklike rotstuine toegegroeï, meestal met onkruid, en onherkenbaar. Wortels van onoordeelkundige plante in blombakke, het die struktuur begin breek. Boomwortels hou ook 'n weselike risiko in vir die Voortrekkermonument se fondasie.

Na verskeie konsultasies met landbou, erfenis en tuinboukundiges, en aan die hand van die navorsing wat gedoen is, is daar besluit om die historiese trekroetetuin te herstel. Sedert April is begin om aan die hand van die oorspronklike plan die trekroetes oop te grawe, die riviere te herstel, onkruid uit te trek, indringerbome te verwyder, bosse uit te kap en aanwysigings aan te bring.


In die argief is die naamlyste van oorspronklike plante uit die verskillende dele van die land opgespoor en waar dit geplant moet word. Dit is die volgende fase in die proses.

Verder rig die monument hulle eie kwekery op om die plante, wat verwyder moes word, in en om die walaer, weer elders op die terrein te kan gebruik, en selfs te kan skenk aan organisasies wat dit nodig het.

Talle vrywilligers help gratis met die proses om die trekroetetuin skoon te maak, waarvoor die Voortrekkermonument dankbaar is. Die Voortrekkermonument neem ook hande met Pretoria dieretuin om die takke aan die kameelperde te voorsien.

Wanneer die trekroetetuin herstel en skoongemaak is, sal dit volgens die oorspronklike bedoeling dien as 'n fokustuin waar kinders die Groot Trek kan speel, voordat hulle die Voortrekkermonument besoek. Dit sal Suid-Afrika se grootste buitelugbordspeletjie wees. Die beplanning is om op 8 Oktober die historiese trekroetetuin te open.

Wanneer 'n tuin te lank ongekontroleerd groei en nie versorg word nie, kom daar skade wat jare later moeilik en duur is om te herstel. Erfenisbewing is die kerndoel van die monument en ons bly rotsvas in die strewe om ons kultuur en natuurerfenis gebalanseerd te bewaar en beskerm.





TREKROETETUIN NOU



Nasionale Kunstefees

BY DIE
VOORTREKKERMONUMENT

28 September tot 3 Oktober 2021

FAK

Die FAK Polsslagkosfees: 24 September

Erfenisdag by die Voortrekkermonument is iets wat jy nie wil misloop nie.

In die ware sin van Afrikanererfenis kan die hele gesin heerlike boerekos kom geniet.

Verder kan mense uitsien na vermaak vir die hele gesin, van volkspele tot die Jakaranda Boereorke en nog vele meer.

As jy wil beleef hoe die wêreld se grootste melktert gemaak word, dan moet jy nie Erfenisdag misloop nie.

Datum: 24 September

Tyd: 08:00

Plek: Voortrekkermonument

Toegang: R20 per voertuig



Genl. Koos de la Rey se graf in ere herstel

Die bronsbeeld van De la Rey wat op sy graf was en in 1917 deur Fanie Eloff, kleinseun van pres. Paul Kruger, gemaak is, is in April vanjaar gesteel toe die diewe ook sy graf gevandaliseer het.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het sedertdien 'n replika van die gesteelde beeld gemaak. Die replika van die grafbeeld is op 15 September 2021 onthul, presies 107 jaar nadat genl. De la Rey in 'n padblokkade doodgeskiet is. Jacques Müller, 'n beeldhouer van Pretoria, het dié replika van die De la Rey-beeld gemaak.



Links: Jaques Müller (beeldhouer);
Regs agter: Dr Danie Langer (besturende direkteur van die FAK);
Regs voor: Louis Pretorius (agterkleinseun van genl Koos de la Rey)

JH MARAIS-PRYS 2021

Die Jan H Maraisprys vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal word vanjaar gedeel deur proff Ina Wolfaardt-Gräbe van Pretoria en Hennie van Coller van Bloemfontein. Die prys ter waarde van R500 000 sal later vanjaar tydens 'n funksie op Stellenbosch aan hulle oorhandig word. Albei wenners geniet wye aansien as literatuurwetenskaplikes van internasionale formaat.


Prof Gräbe, wat aan die destydse PU vir CHO gepromoveer het, was van 1984 tot met haar aftrede in 2005 verbonde aan UNISA, eers aan die departement Algemene Literatuurwetenskap en later Afrikaans. Sy is bekend vir haar werk as teoretikus en ook as dryfkrag agter die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, die belangrikste Afrikaanse akademiese tydskrif met internasionale aansien.

Prof Van Coller, 'n produk van die Universiteit van die Witwatersrand met doktorsgrade van die Universiteit van Utrecht in Nederland en die destydse RAU, is in 1997 deur die Vrystaatse Universiteit vereer met 'n bevordering tot uitgelese professor. Hy het nie net 'n formidabele vakkundige publikasierekord as literatuurwetenskaplike nie, maar is ook 'n erkende digter, vertaler en prosaskrywer.

Die Jan H Maraisprys is in 2015 ingestel deur drie van die belangrikste instansies wat hulle bestaan te danke het aan die erflating van Johannes Henoch Marais (1850-1915), vooraanstaande Stellenbosser en voormalige inwoner van Kimberley waar hy sy welvaart deur harde werk op die Diamantvelde opgebou het. Hulle is Het Jan Marais Nasionale Fonds, Naspers (Media 24) en die Universiteit Stellenbosch. Die prys word jaarliks toegeken as erkenning vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans.



Prof Ina Wolfaardt-Gräbe



Prof Hennie van Coller

ROAD TRIP SA Die Suid-Afrikaanse Erfenis en Toerisme slimfoon toep

Road Trip SA is 'n handige slimfoon-toep wat vir elke gebruiker presies aandui waar Suid-Afrika se besienswaardighede geleë is. Ook word elke plasing met 'n kort verduideliking oor die besienswaardigheid aangevul. Verskillende kategorieë word op die toep gedek, onder andere museums, monumente, grafte van belangrike historiese figure, natuurreservate, botaniese tuine, Suid-Afrikaanse besienswaardighede in die buiteland, historiese kerke en selfs spookhuise. Daar is reeds oor die 2 000 besienswaardighede op die toep en die aantal groei weekliks!


Laai gerus die Road Trip SA-toep van Google Playstore (vir Android-fone) of van Appstore (vir Apple-fone) of besoek die webtuiste www.roadtripsa.co.za. Ook die QR-kode langsaan kan gebruik word.

Indien u enige besienswaardigheid sien wat nie op die toep verskyn nie, neem gerus 'n foto, merk die koördinate (indien moontlik) en stuur die inligting vir die Road Trip SA-span by

historian@roadtripsa.co.za

Hierdie toep is nie net handig vir die publiek nie, maar kan ook gebruik word vir toergidsopleiding, vir skooltake en kan ook deur die geskiedenis/toerisme- of erfenisbestuurstudente gebruik word.

Ontdek Suid-Afrikaanse erfenis met Road Trip SA.




Road Trip[®]
south africa

NUWE BOEKE

Philippe Menache en Helmut Wolff is opgewonde oor die vrystelling van hulle nuwe boek, "Die NG Kerk – ons erfenis". Dié A4-boek, in volkleur en in Afrikaans, beslaan 136 bladsye en verkoop teen R 270 elk, uitsluitend poskoste (deur Postnet). Voornemende kopers kan gerus na hul webwerf www.ngkerfenis.co.za gaan, sou hulle verdere inligting wil bekom. Belangstellendes kan Philippe e-pos by: philippe.menache@gmail.com vir bestellings, of skakel by 083 307 4041.

Philippe Menache and Helmut Wolff are very excited to announce the launch of their new book, "Die NG Kerk – ons erfenis." The book consists of 136 pages and costs R 270 per copy, excluding postage charges (via Postnet). Prospective buyers are welcome to access their website, www.ngkerfenis.co.za, for more information. Interested parties can e-mail Philippe, philippe.menache@gmail.com for orders, or call him at 083 307 4041.

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Petra Luus.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Cecilia Kruger (Engels)

<p>Die Sekretaris SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis Posbus 11403 Hatfield 0028, RSA petra@kultuurtuiste.org.za</p>		<p>The Secretary SA Society for Cultural History PO Box 11403 Hatfield 0028, RSA petra@kultuurtuiste.org.za</p>
---	---	---